NG Kerk
Vrystaat

*Erediens*

# Geloofsbelydenis

*met Kersfees*

**MET KERSFEES**

Ek glo dat 'n engel van die Here aan Josef verskyn het...

"Josef seun van Dawid, moenie bang wees om met Maria te trou nie, want wat in haar verwek is, kom van die Heilige Gees. Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos."

Die ware lig wat elke mens verlig, was aan kom na die wêreld toe.

Ek glo dat Jesus gebore is toe Sirenius goewerneur was in die provinsie Sirië.

Ek glo dat dit so beskik was dat Josef en Maria na Bethlehem toe moes gaan om ingeskryf te word.

Terwyl hulle daar was, het die tyd gekom dat haar kind gebore moes word. Sy het haar Eerstelingseun in die wêreld gebring en Hom in doeke toegedraai en in 'n krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie.

Saam met die engele juig ek:

"Eer aan God
in die hoogste hemel,
en vrede op aarde
vir die mense in wie Hy
'n welbehae het!"

Dit het alles gebeur sodat die woord wat die Here deur sy profeet gesê het, vervul sou word:

"Die maagd sal swanger word en
'n Seun in die wêreld bring,
en hulle sal Hom Immanuel noem."
Die naam beteken God by ons.

Die Woord het mens geword en onder ons kom woon.
Ek glo dat elkeen wat Hom aangeneem het, wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.